Woord van die President

AAN : ALLE GEBIEDSVOORSITTERS EN CAD LEDE
VAN : RENE COMBRINCK

Dit is met `n hart vol dankbaarheid dat `n mens kan terugkyk na ons afgelope Konferensie.

Dankbaar teenoor :

- Jesus Christus wat, soos ons in gebed gevra het, die hele tyd deur die Heilige Gees by ons teenwoordig was.
- Dat Hy die program, vanaf die eerste getuie, self saamgestel het.
- Dat Hy ons lede en hul gesinne begerig gemaak het om die Konferensie by te woon en hulle ook verdraagsaam gemaak het sodat die enkele misverstande wat opgeduik het, vinnig opgelos is.
- Dat Hy Oscar Ehrensberger gebruik het om ons te help om Hom met absolute oorgawe te loof en te prys en so mee te werk dat die regte atmosfeer geskep is.
- Dat Hy die sprekers, Johnny Young en Retha McPherson, gelei het om ons te motiveer om met nuwe ywer die werk in Sy Koningkryk te doen.
- Dat Sy wil geskied het met die besigheidsvergadering.
- Dat Hy ons bewaar het deur die maag epidemie en verhoed het dat daar geen beserings was tydens die water-jolyt op die dam nie.
- Dat Hy die dinee vir ons `n baie besondere geleentheid gemaak het.
- Dat Hy Ds. Attie geïnspireer het om ons die Sondag huis toe te stuur met `n boodskap wat ons altyd sal bybly.
- Dat Hy die personeel van Aldam laat agteroor buig het om ons te akkomodeer en aan ons borge gegee het wat ons taak baie vergemaklik het.
- Dat Hy die Vrystaat, met Roy Smith aan die spits, in staat gestel het om die Konferensie te kon aanbied.

Aan Jesus Christus al die eer!

Kom ons gaan doen dit wat in Sy hart leef: Om die wat nog vasgevang is te help om op die pad te kom wat uitloop op die ewige Hemelstad.